Laurika probeer iets anders

Jy is te Dierbaar deur Laurika Rauch

LAURIKA RAUCH is ongetwyfeld ons beste Afrikaanse sangeres, maar tog is sy nie baie gewild nie. (Ten minste, nie so gewild soos sy behoort te wees nie.)

Daar is niemand met so 'n pragtige, uitdrukkingsvolle stem soos sy nie, behalwe miskien die Tukkie-student Anneli van Rooyen, met wie haar stem nogal ooreenkomste het.

Laurika se tweede langspeler, die "popperige" 'n Jaar in My Lewe, was waarskynlik haar gewildste.

Haar vorige langspeler, Vir Jou, het skandalig swak verkoop, al is dit liedjie- en produksiegewys miskien die gesofistikeerdste Afrikaanse langspeler tot dusver. Of miskien is dit juis waarom die plaat as verkoper misluk het.

'n Mens kan aanneem dat sy 'n moeilike tyd agter die rug het. Die kommersiële mislukking van Vir Jou het saamgeval met haar eersteling se geboorte en 'n egskeiding.

Nuwe begin

Daarom is Jy is te Dierbaar 'n heel nuwe begin vir haar, en dis heerlik om daardie stem weer met ons te hê.

Gedagtig daaraan dat die grootste klagte van die luisterpubliek is dat hulle nie hou van die soort liedjies wat sy sing nie, het Laurika haar tot Corrie Myburgh gewend.

Corrie is natuurlik die man agter die suksesverhaal van Cora Marie. Hy het sy vinger stewig op die musieksmaak-pols van die plattelandse Afrikaner.

Sy wenresep behels baie harde werk, maar ook 'n goeie stukkie insig. Hy het sy lesse by country-musiek geleer.

Die countrymusiek-wenresep bepaal dat jy nooit jou luisteraar se waardes moet aanval nie, maar altyd moet versterk. Jy moet nooit ontstel nie, net gerus stel. Jy moet altyd troos, al het jy nie werklik raad nie, en jy moet op eenvoudige, aanvaarde waarhede teer. Die musiek moet dus geen bedreiging inhou nie.

Lewensbeskouing

Dit is opmerklik dat Suid-Afrikaanse country-aanhangers, in teenstelling met popmusiek-liefhebbers, die plaaslike produk steun. Dit wys dat plaaslike country-kunstenaars in hul lewensbeskouing baie nader aan hul aanhangers staan as pop-kunstenaars.

Daarom was dit so 'n meesterlike set om Cora Marie as 'n country-sangeres te vestig.

Hier kom Corrie se resident-liedjieskrywer Cupido ter sprake. Hy is 'n ware meester van die ordinêre. (Cupido het nege van die tien liedjies op Jy is te Dierbaar geskryf, skryf die meeste van Cora se liedjies en sy eie langspeler, Country uit die Hart, is al dubbele goud.)

Sy lirieke is die doudruppel op die Tretchikoff-roos; vol sentimentaliteit, sonder enige werklike tragiek.

Daarby moet 'n mens egter sê dat die man soms tot puik melodieë in staat is.

So wat het ons hier?

Iets spesiaals

Ons het Laurika Rauch wat hard streef na daardie sukses wat haar in die laaste tyd so onregverdig ontwyk. Ons het daardie stem wat selfs die banaalste liriek na iets spesiaals laat klink. Ons het 'n paar sterk melodieë, veral op kant een. (Dit klink vir my of Cupido beter vaar met stadiger as vinniger liedjies).

Ons het knap musikale verwerkings, veral deur Zané Cronje. Ons het 'n tegnies goed versorgde langspeler. (Dit is merkwaardig wat Corrie Myburgh in dié verband bereik. Elke nuwe uitreiking uit sy stal is telkens tegnies 'n groot sprong vooruit.)

Laastens is ek bly om te kan sê dat Jy is te Dierbaar geen country-langspeler is nie, hoewel baie liedjies 'n country-inslag het. Die aanhangers van haar vorige musiek is egter in vir 'n skok.

LAURIKA RAUCH